MASKEW MILLER
SE

# AFRIKAANSE EKSAMENVRAE

VIR

JUNIOR SERTIFIKAAT

---

## Afrikaans Examination Questions

FOR JUNIOR CERTIFICATE

DEUR

J. J. DU PREEZ, M.A.
*S.A. Kollege – Hoërskool, Kaapstad*

T. MASKEW MILLER,
UITGEWER VAN OPVOEDKUNDIGE WERKE,
KAAPSTAD

SKb
A-39.36076
DUP

MASKEW MILLER

SE

# Afrikaanse Eksamenvrae

VIR

## JUNIOR SERTIFIKAAT

---

# Afrikaans Examination Questions

FOR

## JUNIOR CERTIFICATE

DEUR

J. J. DU PREEZ, M.A.

*S.A. Kollege—Hoërskool, Kaapstad*

T. MASKEW MILLER,

Uitgewer van Opvoedkundige Werke,

KAAPSTAD

# AFRIKAANS.

---

## No. 1.

1. Skryf die volgende woorde oor in Afrikaans:—

   Eeuwig, leeuw, gehuwd, wantrouwen, vrouw, leven, Nieuw-Zeeland, pauwen, miauwen, Naauwpoort, nauweliks, nieuwsgierig, nieuw (predikatief, b.v.: myn pen is nieuw), nieuw (attributief, bv.: myn nieuwe pen), ter nauwernood.

2. Gebruik die volgende groepe woorde in gepaste sinne om die verskil in betekenis aan te toon:—

   Stowwe en stowe, voel en voël, styl en steil, blyk en bleik, koel en koeël, leer en leër en lêer, wee en weë.

3. Waarom word **leër** met, en **laer** sonder die deelteken geskrywe?

4. Noem die dele van die werkwoord, wat in onderstaande sinne gebruik word:—

   **Bring** die boek hier. Jan **het** lank **probeer** om dit reg te **kry**. **Kan** jy nie **wag** nie? Ons vriend **moes** dadelik **vertrek**. Ons het hom **hoor aankom**. Ingeslote vind u bedrag, **synde** rente op £1,200. Die man is **sterwende**, maar dink nog aan **gelede** onreg.

5. (a) Noem al die meervoudsuitgange.

(b) Wanneer word **e** en wanneer word **te** gebruik as 'n meervoudsuitgang?

6. Vul in die ontbrekende voornaamwoorde:—

Die koning, —— onttroon is, eien —— nou weer 'n ander staat toe. Daardie twee mans groet ——. Gee —— die regter hand. Die moeders bid vir —— kinders. Hy is die man —— ons gepraat het. Daar is die rots —— ons gestaan het. —— (without it) kan ons nie klaar kom nie.

7. (a) Hoe word die verl. tyd, die teenwoordige deelw., en die verl. deelw. gevorm in Afrikaans? (onthou die verl. deelw. kan dikwels swak of sterk wees).

(b) Noem al die werkwoorde wat afwyk van die reël wat betref die verl. tyd.

8. Gee in u eie woorde weer:—

AWENDBLIK.

Oor ver, verre lande,
Oor blou, bloue rande.
Sien ek vliesige wolkies verspreid
Oor hoog, hoge gronde
Sag gewieg, ongebonde—
Die lug welf so blou en so wyd.

Oor ver;, verre lande,
Oor blou, bloue rande,
  Deur die aandson se strale beskyn,
Sien ek vry, ongemete
Ongemerk en vergete,
  Die wolkies so stil — stil verdwyn.

Nes die vlugtige beelde
Van die sterwend vergeelde
  Wolke, in die lugte verspreid,
So sink daar geslagte
As 'n vlieënde gedagte
  In die eindlose ruim van die tyd.

(*Malherbe.*)

9. U het laaste jaar die Junior Sertifikaat-eksamen afgelê op 'n dorp in die Onderveld. Dié jaar is u in die Matriekklas van die Jongens (Meisies) Hoërskool in die Pêrel. Skryf nou 'n brief aan u vorige hoofonderwyser, waarin u hom bedank vir wat hy vir u gedaan het.

10. Skryf 'n opstel oor:—Die Riviere van Suid-Afrika.

---

## No. 2.

1. (a) Wanneer gebruik ons die sirkumfleks (^), en wanneer die deelteken (¨) in Afrikaans?

   (b) Gee die Afrikaanse vorm van die volgende:—

   Skaar, blaten (to bleat), paard, sekundair, affaire, zorgen, populaire, morgen, wiggen.

2. Hoe word verkleinwoorde gevorm in Afrikaans? Bring so ver moontlik die verskillende klasse onder reëls.

3. Vervang die voornaamwoorde tussen hakies deur gepaste Afrikaanse ekwiwalente:—

(That) is (my) boek, (this) is yours.

Kinders, is hierdie boeke (yours)? Ja, dit is (ours). (Such like) artiekels koop ek nooit. (What sort of) verhaal vertel (you) nou weer? (Whose) hoed is hierdie, en (which) wandelstok is daardie? (This is) die persoon (to whom) ek gister gepraat het, en hier is (the same) rots (on which) ons gestaan het. Die vrouens, (who) ek gister ontmoet het, verklaar dat die kinders (theirs) is. (Everyone) beskerm (his) eiendom, maar (some) mense wil dit nie weet nie. (Anyone) kan dit doen, (one) doen dit nie vir die grap nie.

4. Verklaar die verskil in betekenis tussen die volgende groepe woorde, en gebruik elke woord in 'n gepaste sin:—

Tydig, tydelik, en tydsaam; kinderlik, kinderagtig, en kinds; verdraagbaar en verdraagsaam; bewusteloos en onbewus; begin en beginsel; gemeen en gemeensaam.

5. Skryf in die indirekte rede:—

„Ou Windvoël, as ons nou vanmiddag 'n leeu kry?" Basie, dis so waar, ek sal vir hom skiet." „Windvoël, nes jy die leeu hoor brul,

dan hardloop jy weg." „Basie, ek wat Windvoël is, ek vir 'n leeu hardloop? Nee, Basie." „Ou Windvoël, as jy nou misskiet?" „Basie, dan sal ek my ma so waar vir 'n eendvoël aansien."

(*Ons Klyntji.*)

6. Gebruik die volgende samegestelde w.w., elk in twee sinne — eers as skeidbare w.w. en daarna as onskeidbare:—

Deurtrek, voorspel, ondergaan, oordryf, oorweeg, onderhou.

7. Bring oor in die lydende vorm:—

Ek het my boek tuis vergeet. Môre sal die bode die berigte bring. Maak 'n mens nie porselein van klei nie? Vandag dans die mense dat die stof staan. My vriend sou dit gedoen het, al moes jy hom teëwerk. Die poliesie stel daagliks ondersoek in, maar het nog geen spoor van die dief ontdek nie. Eendrag maak mag, tweedrag breek krag. Die amptenaar kon dit maar nie insien nie.

8. Gee in u eie woorde die inhoud van die volgende gedig weer:—

De beste stuurlui staan aan wal
En turen door hun vuisten;
Ze weten 't nog — ze wisten 't al —
Ze zyn, van louter wysheid, mal ......
Maar roeren vin noch knuisten!

Ik ken er èen, ik ken er twée,
Ze staan op alle kaaien,
Ze sturen alle scheepjes mee:—
't Is of de winden van de Zee
Op hun kommando waaien!

Hoor, Jongens! als ik steek van wal,
Tot zeilen of tot roeien,
'k Geef om die praatjes niemendal .........
De beste stuurlui staan aan wal:
Ik — vaar maar — met de goeien!

(*J. P. Heye.*)

9. Beantwoord die volgende advertensie:—

Benodig — Junior klerk. Goeie vooruitsigte vir vertroubare en intelligente persoon. Meld akademiese bevoegdhede, ouderdom, ervaring, en aanvangsalaris. Applikasies moet ondergetekende so spoedig moontlik bereik.

J. C. Smuts,
Bestuurder,
Suid-Afrikaanse Onderlinge
Lewensversekeringsmaatskappy,
Kaapstad.

10. Skryf 'n opstel oor:—Skaapboerdery in Suid-Afrika; of, Die Toekoms van die Lugvaart.

## No. 3.

1. Gee die Afrikaanse vorm van die volgende woorde:-

Nauw, auteur, risiko, traditie, familie, ambitieus, ogen, hoger, lager, lezen, vroeger, spiegel, titel, ploegen, kogel, vogels, stoven, stoffen, golven, doffer (komparatief van dof).

2. Skryf tien paar woorde wat met **y** of **ei** kan gespel word, en vertaal in Engels. (Voorbeeld:— my = mine, Mei = May.

3. Wat is die verskil in betekenis tussen:—

Sweed en sweet, kruid en kruit, nood en noot, end en ent, versmaad en versmaat, moer en moeër, graad en graat, twee ure en twee-uur, gele en gelê en geleë, wie en wîe, môre en More, se en sê, soe en sôe, bond en bont, wyd en wyt.

4. Skryf in suiwer Afrikaans:—

Wat is op met hom. Dit lyk my of ons vriend nie gaan opdraai nie. My vader is heeltemal opgenome met die voorstel. Ek hoop jy sal jou geniet met die vakansie. Môre breek die skool op. Jan's horlosie is tien minute stadig. Ek sal grag hom weer wil sien.

5. Gee die verl. deelw. van o.s. werkwoorde, en gebruik elkeen in 'n flinke sin:—

Antwoord, wantrou, oortref, toestaan, weerlê, seëvier, misbruik.

6. Gee die teenoorgestelde van:—

'n **Flinke** antwoord, 'n **grappige** verhaal, 'n **luimige** skrywer, 'n **alledaagse** gebeurtenis, 'n **gulle** ontvangs, 'n **oppervlakkige** bespreking, 'n **onbeskofte** kêrel, 'n **ervare** onderwyser, 'n **ontroue** metgesel, 'n **rooskleurige** toekoms, 'n **bevestigende** antwoord, 'n **bitse** antwoord, 'n **bedaarde** man, 'n **bedrukte** stemming, 'n **bewolkte** hemel, 'n **vurige** perd, **uitgebreide** kennis.

7. Verklaar:—

(a) Vroeg ryp, vroeg rot,
Vroeg wys, vroeg sot.

(b) Ledigheid is die oorkussing van die duiwel.

(c) Jy is vandag die enigste vreemdeling in Jerusalem.

(d) Hoe kaler jakkals, hoe groter stert.

(e) Die twee vriende is voëls van enerse vere.

(f) Dis nie om dowe neute gedoen nie.

(g) Die man leef van die hand na die mond.

8. Noem vyf idiomatiese uitdrukkinge wat aan die Bybel ontleen word.

9. 'n Firma in Kaapstad adverteer koringsakke betreklik goedkoop. Bestel genoeg hiervan, in naam van u vader, vir die volgende oestyd.

10. Vertel die lotgevalle van 'n pennie.

---

## No. 4.

1. Skryf oor in Afrikaans:—

   Yards, chocolate, examination, South Africa, quicksilver, China, Zulu, Basuto, mealies, cheque, machine, shilling, cognac, concert, school quarter, zoology, plateaux, lodging, baggage, recitation, rhetorical, physics, physiology, cyprus, Egypt, lyrical.

2. Gebruik die volgende byv. nw. in sinne, eers predikatief en daarna attributief. (Voorbeeld:—

   Die man is goed, maar dis 'n goeie man.)

   Dood, lang, kwaad, sag, stukkend, skeef, gaaf, hewig, gelap, koud, leeg, opreg, nuut, gestyf, onbeskof, laf, hoog, laag.

3. Gee die teenoorgestelde geslag van:—

   Monnik, Kristin, dief, eggenote, direkteur, mannetjietier, sekretaris, akteur, spreker, breister, donatriese, oujongkêrel, strooimeisie, kleermaker, reun, bedelaar.

4. Toon aan die verskil in betekenis tussen die verskillende meervoudsvorme van:—

Graaf, drif, hoop, skof, las, saal, letter, raad, maat, bad, rug, goed, blad, lid, man.

5. Ontleed in sinne en toon duidelik aan die verband tussen die verskillende sinne:—

Soos 'n slang wat daar kronkel
En gly en verdwyn,
As die son op hom fonkel
En die goud op hom skyn,
So skitter en bewe die blits, en die
donder gee luid 'n refrein.

(*Leipoldt.*)

6. Skryf die korrekte vorm van die verl. deelw., wat tussen hakies aangegee is:—

Die ouers staan voor die graf met (buig) hoof.
(Steel) goed smaak die lekkerste.
(Doen) sake het geen keer nie.
(Bedrieg) mense leer om versigtig te wees.
As jongelinge was ons (sweer) vriende.
Die (koop) plaas was 'n goeie spekulasie.
Sy is 'n (bederf) brokkie.
Ons neem die (skryf) voorwaardes aan.
Ons vriend beklee 'n (verhef) posiesie.
Dit was 'n (onbestry) mosie.
(Gedwing) onderwys is in ons land ingevoer.
Ons moet (geneem) besluite handhaaf.

7. (a) Verklaar die betekenis van die voorvoegsels in die volgende woorde:—

Hervat, ontvlug, misken, gelag, onnosel, aartsvader, vertaal, afgrond, oorsprong.

(b) Verklaar die betekenis van die agtervoegsels in:—

Manhaftig, roekeloos, vreedsaam, kinderlik, huilerig, onderwyseres, grysaard, boompie.

8. Parafraseer:—

Ek hou van 'n man wat sy moeder eer
in die taal uit haar vrome mond geleer,
en die basterdgeslag
in sy siel verag
wat, haar verstotend, hulself kleineer.

Vir my d' Afrikaner van durf en daad,
wat Mammon's eer en loon versmaad,
sy hoof en sy hand
vir sy volk en sy land
en 'n trap van sy voet vir laag verraad.

9. Skryf 'n brief aan 'n vriend waarin u hom alles vertel van u aangename reis na die Victoria-watervalle.

10. Skryf 'n opstel van 30-40 reëls oor:—,,Rus Roes.''

---

## No. 5.

1. Wanneer word a, e, o, u in 'n woord verdubbel en wanneer nie? Gee voorbeelde. Waarom word **pikke** met **2** k's en **moeiliker** met **1** k geskrywe?

2. Gee die trappe van vergelyking van:—

   Agter, baie, erg, dikwels, graag, gou, selde, seer, suur, vroeg, weinig, voor, wel.

3. Vul in gepaste voorsetsels:—

   Ons het al lank —— jou gewag.
   Die onderwyser skryf 'n boek —— aardrykskunde.
   —— Jan was daar nog drie lede teenwoordig.
   —— die rapport van die speurder het die vyand vroeg weggetrek.
   Die luie vabond loop rond —— te werk.
   Wees eerbiedig —— jou ouers.
   Die land is goed voorsien —— water.
   —— die saak kan ek jou geen inligting gee nie.
   —— te blik of te bloos.
   —— twaalfuur moes ons vertrek.

4. Skryf die meerv. van:—

   Aanbod, skof, seën, voorskoot, buurman, oorlog, gebod, eer, bakketèl, brug (2), drif (2), bydrae, bedrag, amp, werksman, krygsman, Fransman, tree, koningin, leseres, lienie, knie, toeris, tesis, substituut, maag, husaar.

5. Verbind elke paar o.s. sinne met behulp van die voegwoorde, wat tussen hakies aangegee is:—

Dit reent hard vandag. Ons bly tuis (gevolglik).
Ek sal jou vertel. Dit betref jou (aangesien).
Ons word beloon. Ons het hard gewerk (want).
Dit sal geskied. Jy verlang dit nie (ofskoon).
Die advokaat pleit goed. Hy behoort die saak te wen (derhalwe).
Dit was laat. Ons het aangekom (toe).
Jy sal slaag. Jy doen jou plig (mits).
Daar heers 'n groot droogte. Die boere trek (daarom).
Jan het hard gery. Hy was te laat (tog).
Ek sal jou kom help. Dit is nodig (ingeval dat).

6. Verklaar en gebruik in sinne om die betekenis duidelik aan te toon:—

Troetelkind, dwarsboom, ootmoedig, weerspannig, psigologies, pseudoniem, wedren, panorama, higiënies, pandemonium.

7. Ontleed in sinne en toon aan die verband:—

„Na aanleiding van die oorlog, wat op die oomblik besig is om Europa in 'n puinhoop te herskep, het ek iemand die opmerking hoor maak, dat as die nakomelinge eendag in ons museums gewere en kanonne sien en hoor dat ons dit gebruik het om mekaar te vermoor, hulle baie verwonderd sou opkyk oor soveel misdadigheid."

(„Die Brandwag," 25 Feb., 1918.)

8. Gee kortliks die gedagtegang vervat in

UNIE-LIED (*Celliers*).

Daar klink 'n lied,
Daar bruis 'n roep
Van Kaap tot ower Vaal,
Van Oos tot Wes, van strand tot strand:
„Ons gee mekaar die broederhand,
Ons smeed 'n sterke eenheidsband
Van Afrikaanse staal!"

Daar is vir ons
Maar éne t'huis —
Ons skoon Suid-Afrika.
Hier sal ons haar 'n tempel stig
— Waar vryheid woon, waar vrede lig, —
Bereid, in grote en kleine plig,
Haar lief en leed te dra.

Daar blink 'n ster
Van Goede Hoop
In onse Suider-Kruis.
Die oorlogsfakkel is gedoof,
So sal dan niemand ons ontroof
Die blye toekoms ons beloof
In Eendrag's skoon Tehuis.

9. Skryf 'n brief aan 'n vriend(in), waarin u hom (haar) die een en ander vertel van 'n interessante boek, wat u onlangs gelees het. Sê waarom u die boek sterk aanbeveel.

10. Skryf 'n opstel oor die Nut van Debatverenigings.

## No. 6.

1. Met watter klasse woorde word 's gebruik as 'n meervoudsuitgang?

2. Vertaal in Afrikaans:—

   Prairie, jungle, lowland plain, the basin of a river, the Highlands of Scotland, the Danube, Vienna, Lisbon, the Gulf of Genoa, Venice, Rumania, Bulgaria, the Vistula, Buluwayo, the Ural Mountains, the Volga, the Karoo, Syria, Cyprus, Bechuanaland, Archipeligo.

3. Bepaal die teëstellings van die vetgedrukte woorde:
   'n **Grondige** kennis, 'n **hartlike** woord,
   'n skool **opbou**, 'n voorreg **verdien**,
   'n **duistere** rede, 'n **bedrywige** stad,
   'n **oproerige** gemeente, 'n **treurige** vooruitsig,
   'n **donkere** toekoms, 'n **gemaakte** houding.

4. (a) Wanneer word die verl. deelw. sonder **ge** gevorm?

   (b) Gebruik ses verlede deelw. in sinne —— eers swak en dan sterk. (Voorbeelde:—(1) Ons kook **gebreekte** mielies; (2) Die ouers staan voor die graf met **gebroke** harte.)

5. Verklaar die verskil in betekenis en gebruik in sinne:—

| | | | |
|---|---|---|---|
| Buigbaar | geestig | twyfelagtig | eerbaar |
| buigsaam | geestelik | twyfelmoedig | eerwaardig |

6. Vervang die woorde tussen hakies deur een woord:

'n Vermelding (wat eer verdien).
'n Droogte (wat lank aanhou).
'n Vrou (wat altyd gereed is om te help).
'n Lewe (wat vol kommer is).
'n Oorlog (wat tagtig jaar aangehou het).
'n Smart (wat nie in woorde kan uitgedruk word nie).
'n Huis (wat bewoon kan word).
'n Gebeurtenis (wat 'n diepe indruk maak).
'n Stroom (wat nie kan gekeer word nie).
'n Wetenskap (wat nie deurgrond kan word nie).

7. Vorm sinne om die gebruik van die volgende voegwoorde duidelik aan te toon:—

Nieteenstaande, egter, nie alleen nie ...... maar ook, òf ...... òf, nòg ...... nòg, eerdat, tensy, alhoewel, nadat, as.

8. Verklaar die volgende idiome:—

Hy weet hoe die vurk in die steel steek.
Lekker is 'n vinger lank.
Daar is 'n slang in die gras.
Skoenmaker, hou jou by jou lees.
Hy is hoog in die takke.
Tou opgooi.
Iemand in die wiele ry.
Daar is nie salf aan hom te smeer nie.
Iemand in die nek kyk.
Die tering na die nering sit.

9. Doen aansoek om die vakante betrekking as onderwyser in 'n eenmanskool.

10. Skryf 'n kort opstel oor:—Die Afrikaanse Taal, Sy Snelle Vooruitgang, en Sy Toekoms.

---

## No. 7.

1. Hoe word die twede naamval (possessive case) uitgedruk in Afrikaans? Gee voorbeelde.

2. Welke klasse selfstandige naamwoorde het geen meervoudsvorm nie?

3. Skryf in suiwer Afrikaans:—

Vernam die dag toe ons twee in die water geval het. Ek sal hier op die 27 van die maand verlaat. Ons sal gaan op jou ryperde van wat jy geskrywe het. Pa het my vertel dat Ceres is 'n pragtige stad. Jy moes na die statie kom om my te ontmoet omdat ek ken niks oor die plaas. Ek ken dit nie doen. Nou sal ek my brief toesluit. En misskien was ek nie al daar nie, ek ken verbeel wat 'n mooi plek dit sou wees. As jy het vir my gevra, moet ek kom. Ek denk ons sal seker 'n mooi tyd hê.

4. Vorm sinne om die gebruik van die volgende voorsetsels aan te toon:—

In weerwil van, ondanks, terwille van, tydens, benewens, ten spyte van, betreffende, ten behoewe van, newens, gedurende, aangaande.

5. Noem vyf idiomatiese uitdrukkinge, wat ons aan die ossewa ontleen.

6. Vervang **maak** deur 'n gepaster woord:—

'n Plan maak, 'n gebou maak, linne maak, 'n vereniging maak, 'n fout maak, 'n besluit maak, 'n sloot maak, 'n stad maak, verbeteringe maak, 'n krygsraad maak.

7. Bring oor in Afrikaans:—

—— Ongetwyfeld, —— hernam koelloeka, — die geschiedenis, voor zoover ik ze u in herinnering bracht, is aan ieder bekend genoeg; doch wat niet een iegelik weet, maar alleen zeer enkelen, is, dat de Koning Nandigoepta niet door verraad is gevallen en niet gedood of verdreven werd, maar uit eigen beweging, zonder dat zijn broeder of iemand anders dan een enkel vertrouwde het wist, de wijk nam naar een afgelegen oord, en door algemeen het gerucht te doen rondstrooien, dat hy verslagen was, zijn broeder redde van een smadelijken dood en zijn rijk van den anders onvermijdelijken, althans waarschijnlijken ondergang.

8. Parafraseer:—

O Eenheid, grote wonderwerk,
Wat voëls laat vlieg als op één vlerk,
Besiel tog ook die bonte koor
Waartoe ek sterweling behoor;
Want soos slegs eenheid in 'n skaar
Van vrye voëls 'n swerm vergaar,
Kan eenheid slegs 'n bonte hoop
Van mense tot 'n nasie doop.

9. Skryf 'n brief aan jou moeder om haar te bedank vir 'n verjaarsdag-present.

10. Skryf 'n opstel oor die **Ossewa**.

## No. 8.

1. (a) Noem vier reëls, wat ons lei by die aaneenskrywe van woorde. Gee voorbeelde.
   (b) Wanneer gebruik ons die koppelteken?

2. Vertaal:—
   (a) HOUSE TO LET.

   Five-Roomed House and all conveniences, near tram and town. Occupation September.

   (b) EDUCATIONAL.

   Bookkeeping: Young Man wants Private Tuition, Tuesday and Friday evenings. Any time between 6 and 9 p.m. Write 345, Argus Office.

(c) MOTOR VEHICLES FOR SALE.

Do you want to buy a modern, reliable, and guaranteed English or American Car? A fine selection always on view at Ochberg's, 15 Mount Street. Our reputation stands behind every Car we sell. 'Phone 1337.

3. Skryf in die indirekte rede:—

,,'n Verrassing?" vra Reinhard, ,,Vir wie dan?"

,,Vir Elisabeth."

,,Elisabeth! Jy het haar nie van my besoek vertel nie?"

,,Geen woord nie, Broeder Reinhard; sy dink nie aan jou nie, die moeder ook nie. Ek het jou heeltemal in die geheim geskrywe, sodat die vreugde des te groter mag wees. Jy weet, ek het altyd so my stille plannetjies gehad."

(,,Immensee": *Storm.*)

4. Verklaar die verskil in betekenis en gebruik in sinne:—

Rekening, rekenskap; hoogheid, hoogte; lydelik, lydsaam; openlik, openbaar; arm vrou, arme vrou.

5. Voeg 'n gepaste selfstandige nw. by o.s. byv. nw., bring aan die korrekte vorm van die byv. nw., en gebruik in gepaste sinne. (Voorbeeld:— gaaf — 'n gawe kêrel — my vriend is 'n gawe kêrel.)

Gestrik, gestyf, braaf, gerek, gemessel, geslyp, beproef, glad, skurf, geskei.

6. Vorm so veel selfstandige nw. as u kan van die volgende stamwoorde, deur verandering van die vokaal. (Voorbeeld:—sluit — sloot, sleutel.)

Vlieg, drink, gee, ry, spreek, graaf, kies, breek, lieg, buig.

7. Ontleed in sinne en toon aan die verband:—

Hoe diep gelukkig ek ook mag gevoel terwyl ek my in jou opbeurende geselskap bevind, dryf tog my plig my daar waar ek meer ellende moet verduur dan ek in 'n paar woorde — wat nooit volkome ons gevoelens kan vertolk — kan uitdruk; daar waar ek weet wat dit is om blootgestel te word aan die verguising en hoon van vyande, wat nimmer skyn te rus.

8. Omskryf die betekenis van die volgende idiome:—

(a) Ons moenie ons lig onder 'n koringmaat verberg nie.

(b) 'n Mens wil nie graag 'n ander na die oë sien nie.

(c) Wie sy neus skend, skend sy aangesig.

(d) Sy is nie op haar mondjie geval nie.

(e) Die draak steek met iemand.

(f) Dit is my 'n doring in die oog.

(g) Die appel val nie ver van die boom nie.

(h) Hulle twee sit nie langs een vuur nie.

(i) Iemand 'n rad voor die oë draai.

(j) Hy moes sy wol vir 'n appel en 'n ei verkoop.

9. Skryf 'n brief, as sekretaris van 'n debatsvereniging, aan die sekretaris van 'n debatsvereniging in 'n naburige dorp om skikkinge te tref vir 'n inter-debat.

10. Skryf 'n opstel oor **My Dorp (Stad).**

---

## No. 9.

1. Skryf voluit in Afrikaans:—

   8,888,888; 27; 18; 69; 77; $\frac{3}{4}$; $\frac{5}{8}$; $\frac{29}{39}$; $4^2$; $\sqrt{16}$; 73·57; $28 \div 4 = 7$; $28 \times 14$; $12\frac{6}{17}$; 100,001ste.

2. Welke klasse byv. nw. kan, weens hul betekenis nie trappe van vergelyking hê nie?

3. Vorm soveel ander woorde as moontlik van die volgende stamwoorde deur middel van voorvoegsels:—

   Gaan, ken, hou, kleed, loop, neem, stel, sien, staan, dra.

4. Gee die teenoorgestelde van:—

   'n Aanbod **aanneem**; 'n versoek **weier**; 'n saak **ontken**; iemand **lof toeswaai**; 'n reis **aanvaar**; 'n gebou **optrek**; 'n gevangene **straf**; 'n aanslag wat **misluk**; 'n gehoor **boei**; 'n volk **verdruk**; 'n beweging **teenwerk**; 'n vraag **toelaat**; die weer **dreig**; die land **daal**; 'n daad **goedkeur**.

5. Gebruik in sinne om die verskil in betekenis aan te dui tussen:—

| | | | |
|---|---|---|---|
| oneindig | belangwekkend | vreeslik | wetlik |
| eindeloos | belangrik | vreesagtig | wetteloos |

6. (a) Maak byv. nw. van:—

Vors, verstand, krag, man, wind, gewete, vriend, heuwel, berg, koning.

(b) En selfstandige nw. van:—

Klein, breed, lank, duister, trots, bruikbaar, stom, laag, verbaas.

7. Skryf die volgende sinne in die meerv. en in die verl. tyd:—

(i) Ek kan die eier nie gekook kry nie.
(ii) Hy durf nie die skelm aanhoor nie.
(iii) Die professor waarborg jou die pos.
(iv) Die pers doen baie vir die onderwys.
(v) Oor so 'n spektakel moet 'n mens jou nie bekreun nie.
(vi) Die kneg verlaat die plaas elke môre voor dagbreek.

8. Parafraseer:—

Ver dwaalt hy van dit leven af,
Die de onrust nagaat tot in 't graf,
Die tot de avond van de morgen,
Geknaagd, geplaagd wordt van de zorgen.

(Uit „Wat is dat 'n Gezegend Koning?" — *Vondel.*)

9. Beskryf in 'n brief aan 'n vriend(in) 'n voetbal- (korfbal-) wedstryd. Gebruik die gangbare Afrikaanse sportterme.

10. Opstel:—Wat ek eendag gaan word.

## No. 10.

1. Vertaal in Afrikaans en skryf al die syfers voluit in woorde :—

   There are really 365¼ days in the year, but for the sake of convenience the year is said to have 365 days, and the ¼ day is carried forward. Thus every 4th year has 366 days, and is called a leap-year.

   Will you please tell me what the time is? With the greatest pleasure. It is exactly 1.45 p.m. Well, then I must hurry up and catch my train.

   We shall dine to-day at 6.35 p.m. Be sure to come in time. Do not disappoint us, for the whole family are looking forward to your cheerful presence and animated conversation.

2. Skryf o.s. verkortinge voluit :—

   a.s., advt., bls., Afr., b.v., alg., Bep., d.i., dist., dr., dnr., do., Ds., d.w.s., e.a., Eerw.

3. Vul in passende werkwoorde :—

   'n Plan ........., 'n betrekking ........., 'n vraagstuk ........., 'n moord ........., 'n vriendskap ........., 'n vereniging ........., 'n vonnis ........., 'n gebou ........., 'n skool ........., 'n beweging ........., 'n mosie ........., 'n spoorweg ........., 'n land ........., 'n eksamen ........., 'n wetsontwerp .........

5. Bring oor in die lydende vorm:—

Gister het my broer drie bokke geskiet. Die publiek bedank 'n mens nie altyd vir jou arbeid nie. Hul sal nog dikwels teen die saak moet praat voordat 'n mens verbetering kan verwag. Ek sou dit nie gedoen het nie, as die vyand my nie daartoe gedryf het nie. Ons kon dit nie doen nie, want dit sou ons baie benadeel. So dikwels het ek al die nuus verneem, dat ek nou glad niks meer daarvan glo nie. Hier mag 'n mens nie dans nie.

6. Verbind o.s. sinne deur middel van die voegwoorde, wat tussen hakies aangegee word:—

Die saak is aan hom opgedra. Hy kon dit nie voltooi nie (egter).

Die bedelaar wou hom aan ons opdring. Hy is verhinder (dog).

Jy moet dit doen. Jy moet die straf ondergaan (òf ......... òf).

Jan was teenwoordig. Piet was teenwoordig (nòg ......... nòg).

Daar is nie geld in die skatkis nie. Ons kan jul nie help nie (dus).

Hy gedra hom sleg. En hy verbeur sy voorregte (daardeur).

Die lande van Europa verkeer in finansiële nood.

Daar is geen krediet (omdat).

Jy gaan so kras aan. Ek kan jou nie meer help nie (daar).

7. Verklaar o.s. idiome:—
   (a) So gemaak en so laat staan.
   (b) Met die deur in die huis val.
   (c) Jakkals prys sy eie stert.
   (d) Die leraar het ons vandag goed op die vingers getik.
   (e) Gods water oor Gods akker laat loop.
   (f) Die onderwys word in ons land dikwels stiefmoederlik behandel.
   (g) As die skoen pas, trek hom dan maar aan.
   (h) Breë rieme sny uit ander man se leer.
   (i) Kom tyd, kom raad.
   (j) Ons sal van nou-af moet padlangs loop.

8. Parafraseer:—

DAAR RUIS 'N LIED (*Totius*).

Daar ruis 'n lied van lang verlee
  in d' oseaan s'n maatgesang;
en immer ruis die skulpies mee
met d' eeuwelied van grote see—
      diep opgevang.

Og, kon ek sing van lang verlee
  gelyk die skulpies so getrou,
wat opgegaar, nog kleinlik gee
die weerklank van 'n wêreldsee—
      by d' oor gehou.
O kom tot my uit lang verlee,
  sangstemme kom uit droomgebied,
deurreis my siel as awendbee
van westewind, as verre see
      s'n golwelied!

9. Jy het 'n vakansie by vriende deurgebring. Skryf 'n brief om hul te bedank.

10. Bespreek in 'n opstel die **Vrouestemreg.**

---

## No. 11.

1. Vertaal:—

(a) Sir, I beg to acknowledge receipt of your communication of the 16th ultimo.
(b) Enclosed please find cheque for £50 in settlement of account.
(c) I have the honour to be, sir, your obedient servant. Yours faithfully. Sincerely yours.
(d) With reference to this matter I beg to state that arrangements have now been completed.
(e) In accordance with your request I am forwarding the books at once under separate cover.
(f) We sincerely trust that you will favour us with all necessary information.

2. Hoe word verkleinwoorde gevorm van woorde, wat op **ng** uitgaan? Gee voorbeelde.

3 Skryf o.s. verkortinge voluit:—

e.k., e.g., i.p.v., jl., H.d.l., H.H., m.a.w., m.i., Jnr., Kie., l.l., L.U.K., L.V., N.B., nl., p.a., p.s., s.o.s., t.t., mss.

4. Skryf die meerv. van:—

(a) Foto, voordeel, filosoof, bevel, troos, koei, oordeel, saag, vlooi, hertogin, enwelop, kalf, graaf, kristen, lied, volk, staatsman, oefening.

(b) Die verkleinwoord van:—

Reël, dak, wandeling, ring, rotting, knie, kop, halm, pan, glas, bril.

5. Toon aan in gepaste sinne die verskil in betekenis:

Groot — groots, verkiesbaar — verkieslik, eerbaar — eervol, merkbaar — opmerksaam, te wyte — te danke.

6. Maak 'n samegestelde sin, wat bestaan uit 'n hoofsin, byv. bysin, byw. bysin, en 'n selfstandige onderwerpsin.

7. Vervang die skuinsgedrukte woorde in o.s. sinne deur éen woord, wat dieselfde betekenis het:—

'n Vonnis, **wat nie kan teruggeroep word nie.**

Skulde, **wat nie betaal is nie.**

'n Volk, **wat verlang na oorlog.**

'n Karakter, **wat nie vas staan nie.**

'n Woord, **wat aanstoot gee.**

Goedkeuring, **sonder een enkele teëstem.**

'n Boom, **wat net in ons land aangetref word.**

'n Besigheid, **wat goeie winste oplewer.**

'n Taal, **wat sleg gebruik word.**

'n Man, **wat maklik iets glo.**

'n Veldslag, **wat drie dae aangehou het.**

8. Parafraseer die Perde-patrollie van H. H. Joubert:

STAP.

Die eensaamheid broei op die weide,
en skerp tuur die son van omhoog
op golwende velde van syde,
wat glimmend sy glanse gedoog.

Die dale is ruig en die weë
wreedaardig verstotend en swaar,
deur struikryke streke geleë,
deursluip van die sluwe barbaar.

Die ruiters dring heen langs die hange,
vermoeid met die reis van die dag;
deur bedwelmende loomheid gevange,
hul hyg naar die koel van die dag.

9. Gee in 'n brief aan u vriend(in) 'n beskrywing van u skoolkonsert.

10. Skryf 'n opstel oor Dingaansdag.

---

## No. 12.

1. Gee tien voorbeelde van woorde met 'n onreëlmatige meerv., b.v.:—dal — dale.

2. Vertaal:—

The Chinese live in China. Chinese problems.
The Japanese live in Japan. Japanese customs.
The English live in Great Britain. English universities, the British fleet.
The Germans live in Germany. German statutes.
The French live in France. The French character.
The Spaniards live in Spain. The Spanish Main.

The Portuguese live in Portugal. The Portuguese Government.
The Italians live in Italy. The Italian monuments.
The Greeks live in Greece. Grecian art.
The Turks live in Turkey. Turkish administration.
The Russians live in Russia. Russian morals.
The Norwegians live in Norway. Norwegian Fjords.
The Swedes live in Sweden. Swedish imports.
The Danes live in Denmark. Danish industry.
The Americans live in America. American rivers.
The Red Indians live in America, and Indians live in India. Indian dress.
Australians live in Australia. Australian exports.
New Zealanders live in New Zealand.

3. Skryf gepaste sinne om die gebruik van die volgende voegwoorde aan te toon:—

Voordat, eer, toe, na, so gou as, soos, nes, dan, as, of, tensy.

4. Tot welke woordsoorte behoort die vetgedrukte woorde:—

**Waarop** sit die man? **Wat** loop daar? **Watter** os is siek? Jan val van die bed **af**. Moenie **my** boek vir **my** vra nie. Dis **myne**. **Eer** ons tuis was begin dit te reën. **Hoe laat** kom jy? Gaan jy **nog** vandag dorp-**toe**? Jy wil **mos** nie luister **nie**.

5. Skryf in die indirekte rede:—

„Maar," val Koos Monk weer in nadat die hoes so 'n bietjie bedaar het, „hoe het oom dan gemaak, dat die kaffer nou die kar het?"

„Ek het niks gemaak nie," antword oom Jan, ook maar taamlik nukkerig, „die verhekste kaffer was al die tyd in die kar, en ek het dit nie geweet nie. Ag jong," las die ou somar in, „gee my tog 'n bietjie water, ek is dood van die dors."

(*Engela:* „Die Held van Vijoolkraal.")

6. Ontleed in sinne en toon aan die verband:—

(a) Dat dit gebeur het, terwyl ons uit was, wis niemand, wat teenwoordig was nie.

(b) En is dit my netnou hierbuite te koud dan vlug ek geswind weer na binne; maar jy bly, ongesien, nog skitter daarbo aan die hoë, hemelse tinne!

(*Totius:* „Die Oue Piet.")

7. Verklaar die volgende idiome:—

(a) Hy weet waar David die wortels gegrawe het.

(b) Die man is 'n vyfde wiel aan die wa.

(c) Donkerwerk is konkelwerk.

(d) Om hier 'n sukses te wees moet 'n mens hare op jou tande hê.

(e) Sulke dinge stuit my teen die bors.

(f) Agteros kom ook in die kraal.

(g) Ander man se briewe is duister om te lees.

(h) Dit is bokant my vuurmaakplek.

(i) Ek het die man goed oor die kole gehaal.

(j) Van vandag gaan Jan 'n nuwe blaadjie omslaan.

8. Gee kortliks weer die inhoud van die volgende versies uit „De Handdruk" van *P. A. de Genestet*:—

O, tintel' uw hart in den druk van uw hand:
Ik dank voor 'n vinger twee, drie!
Ik walg van 'n kneepjen, koket en pedant,
Een pink van 'n man van genie ......
En, vriendlief, uw bevende, klevende hand
Is waarlik myn antipathie!
Een hand zonder zenuw of leven of kracht,
't Is onzin, 't is laster, verraad!
Een ledige vorm, dien die liefde veracht,
De vriendschap, de geestdrift versmaadt!
De hand, die my treft, die myn lyden verzacht,
Die hand zy een druk! zy een daad!

9. Beantwoord die volgende advertensie:—

Benodig — 'n flinke en vooruitstrewende jong man, wat wil leer om te boer.. Goeie vooruitsigte vir die regte persoon. Adres: P.B. Bus 366, Pretoria.

10. Beskryf 'n **Haelstorm**, wat jou oorval het, of wat jy gesien het.

---

## No. 13.

1. Skryf aantekeninge oor die gebruik van **Jy** en **U**.

2. Skryf die volgende verkortinge voluit:—

o.a., n.s., s.a.s., vgl., Tvl., UEd., U dw. dn., V.K., WelEd., w.o., d.w.s., K.O.A., s.k.h., ko., B.A., M.A., Dr(Litt.)

3. Skryf in suiwer Afrikaans:—

Wat is die tyd by jou horlosie? Al hy is 'n voël, hy kan nie vlieg nie. Een van die grootste foute die teenwoordige jonge mence maák. Die man is seer bekwaamd; hy behoort in profesor te wees in 'n universiteit. Grote plase in die Karoo is die beste voor dese soort van boerdery. Wanner die wyfie af die nes kom, die mannetjie gaan daarop sit. Die volstruis het 'n wonderlike maag, as hy kan verteer al wat in sy nek kan gaan. Een van die grootste vogels die dus dae leef is die volstruis. Al het hy vlerke dog kan hy nie vlie.

4. Gebruik die volgende woorde in gepaste sinne om die betekenis duidelik aan te toon:—

Winsgewende, 'n improwisasie, weifelende, dubbelsinnige, 'n kwaksalwer, 'n afkondiging, 'n verkondiging, 'n aankondiging, beëdigde, 'n gletser.

5. Vertaal in Afrikaans:—

„De Vlamingen wendden hun ogen met blyde hoop naar de gulde ridder, die in de verte kwam aanrennen. Zy konden het woord ‚Vlaanderen' nog niet lezen, en konden niet weten, of hy een vriend of een vyand was; maar in hun uiterste toestand droomden zy, dat God hun een zyner Heiligen onder die gedaante toezond om hen te verlossen. Alles kon hun dit doen geloven, zyn glanzende uitrusting, zyn buitengewone gestalte en het rode kruis, dat hy op de borst droeg."

(*Conscience:* „De Leeuw van Vlaanderen.")

6. Gee die teengestelde van :—

**Aangestel word tot** 'n betrekking. Die poging het **misluk**. Sy gesprek het ons **opgebeur**. **Beantwoord** aan die verwagting van sy volgelinge. 'n Taal **radbraak**. Die man is in 'n **bedenklike** toestand. Voorregte **verbeur**. Die verdedigers bied 'n **wanhopige** teëstand. **Belas word** met 'n taak. 'n Antwoord **vertraag**.

7. Tot welke woordsoort behoort die onderstreepte woorde, en wat is hul funksie in die sin?

Ek **kan dit** nie **help** nie.
**Gee hom dadelik die** boek.
**Gedane** sake het **geen keer** nie.
Die man is **sterwende**, **maar** daar **word** gedurig **vir hom gebid**.

8. Parafraseer :—

MY TWEE NATURE.

Og, dat ek op my lewensweg
'n Yster-harde man mog wees—
'n Man wat bly by wat hy seg,
'n Man wat vasstaan vir sy reg,
'n Man wat vastrap waar hy veg,
  Met woed en moed van wilde bees.

Maar og, dat ook my lewensweg
Naar hoë koers gerig mog wees—
Om steeds te weet al wat ek seg,
Om steeds te erken my naastes reg,
Om eers te dink en dan te veg,
  Met spier van dier,—maar mensegees!

(*Langenhoven.*)

9. Skryf 'n brief aan u suster, waarin u haar gelukwens, omdat sy geslaag het in 'n moeilike eksamen.

10. Skryf 'n opstel oor „Eerlikheid duurt het langst."

---

## No. 14.

1. Welke reëls kan u noem wat betref die verbuiging van byv nw. in Afrikaans?

2. Gebruik o.s. woorde in sinne sodat die verskil in betekenis duidelik uitkom:—

   naamloos — nameloos, verdeeld — bedeeld, sedelik — sedig, sindelik — sinlik, blyheid — blydskap.

3. Gee die trappe van vergelyking van:—

   Dof, hoog, dun, ver, eer, dwaas, nuut, vyandig, goed, kwaad, veel, gou, breed, woes, lang, koddig, teleurgesteld.

4. Gebruik die verlede deelw. van die volgende woorde in gepaste sinne:—

   Vrywaar, insluk, wedywer, oortree, beskuldig, dwing, deurloop, aanklop, waarsku, handhaaf.

5. Wat is die betekenis van die voorvoegsels in:—

Afguns, wanklank, geloop, ko-operasie, misbruik, oerwoud, erken, bevolk, hèrinner, ontwaak, vervel, volbring, ongelukkig, vergroot, verlei.

6. Wat is 'n **koppelwerkwoord**, 'n **toevallig-wederkerende** w.w., 'n **noodsaaklik-wederkerende** w.w., 'n **hulpwerkwoord**, 'n **onpersoonlike** w.w.? Gee voorbeelde.

7. Gee soveel reëls as u kan wat betref die gebruik van hoofletters in Afrikaans.

8. Gee kortliks die inhoud weer:—

DIE OPENBARING VAN DIE WAARHEID.

Die hond wat by jou tafel staan
En smekend in jou oë kyk,
Die praat die waarheid met sy blik
Waardeur hy jou sy nood laat blyk.

Die voëltjies van hul kroos beroof
En skreeuend om hul nes met smart
Die uiter waarheid hemelrein
Uit swaar beproefde ouerhart.

Die plantjie in jou vensterbank,
Wat jy versuim om te benat,
Praat waarheid met verwelkte blom,
Met druipend stengeltjie en blad.

Die bokkie wat geen kwaad vermoed
En water soek in skadu-kuil,
Raak dood deur swygend leuentaal
Van tier, wat in die riete skuil.

Dis nie jou woord alleen wat lieg,
Of wat die waarheid kan verklaar:
Deur daad en skyn, deur swyge selfs,
Word waar- of valsheid openbaar.

*(Langenhoven.)*

9. Skryf 'n brief aan u vorige Hoofonderwyser om hom te raadpleeg omtrent die vakke, wat u behoort te kies vir die B.A. kursus in die Universiteit waarheen u meen te gaan.

10. Skryf 'n opstel oor die Veld in die Lente.

---

## No. 15.

1. Waarom sê ons 'n **bang** man maar 'n **bange** nag?

2. Skryf voluit in woorde in Afrikaans:—

   Sunday, the 16th February, $\sqrt[3]{27}$, $3\frac{1}{9}$, 6:9::12:18, $8^3$, $9^6$, $9\frac{9}{29}$, 9,000,090, $63 \div 7$, 9·35, the 19th March at 10.50 a.m., 13th Jan. A.D. 1669, 989 B.C.

3. Wat is 'n **Hoof**telwoord en wat 'n **Rang**telwoord? Gee voorbeelde van **bepaalde** en **onbepaalde** hooftelwoorde en rangtelwoorde.

4. Vul die gepaste voorsetsel in:—
Die mense praat —— die geskiedenis.
Die vrou is bekommerd —— haar kinders.
Jul behoort jul te skaam —— jul gedrag.
Ons dink —— ons werk. Ek kyk —— julle.
Die kinders verlang —— die vakansie.
Ons verheug ons —— die goeie nuus.
Moenie afgunstig wees —— mekaar nie.
Kinders behoort gehoorsaam te wees —— hul ouers.
Leerlinge moet eerbiedig wees —— hul onderwysers.

5. Wat is die betekenis van die agtervoegsels in die volgende woorde:—

Deksel, gebeente, slawerny, gevangenis, mensdom, vriendskap, Russies, gehoorsaam, hulpeloos, magtig, pompie, bakker, outriese, musikus, skepping.

6. Skrywe die korrekte vorm van die w.w., wat tussen hakies staan:—

„Hy het toe aan Koos Monk (sê), dat hy al (opmerk) het, dat oom Jan die gewoonte (hê), om die kar en perde alleen (laat), terwyl hy binne in die kantien (sit), en het toe die volgende voorstel (maak).''

„Op dieselfde datum is hulle by meneer Goedhals (aankom). Kort voordat die storme waarvan ons (skrywe) het, (losbreek) het, was hulle by meneer Goedhals (aankom). Hy was 'n goeie ou siel en het toe dadelik die twee vriende na die huis (nooi). Na die aandete het hulle toe aan oom Johannes hulle koms (meedeel).

7. Ontleed in sinne en toon aan die verband:—

(a) Wat ook die rede mog wees, Jan kon nie gaan, voordat hy die vee, wat van die veld moes kom, besôre het nie.

(b) Daarna moes hy uitvind of die perde in die stal was en wat van die honde geword het.

(c) Daar dit laat geword het, het hy toe maar besluit dat hy sy plan moes uitstel, al sou sy kans miskien verlore gaan, as sy broer nie in tyd opdaag nie.

8. **Bloedrooi** is 'n versterkte vorm van rooi. Skryf nou die versterkte vorms van:—

Dood, wit, donker, suur, doof, nuut, soet, maer, bitter, vet, jonk, oud, nat, blind, ryk, sout, suinig, rond, droog, goedkoop.

9. U is in 'n dorp op skool. 'n Vriend in Kaapstad het u uitgenooi om 'n vakansie daar te kom deurbring. U is nou daar. Skryf 'n brief aan u ouers, waarin u hul al u ondervindinge meedeel.

10. Skryf 'n opstel oor **Vrugtebou**.

## No. 16.

1. Toon aan met voorbeelde, drie verskillende maniere om nuwe woorde van Afrikaanse stamwoorde te vorm. Wat noem ons die proses?

2. (a) Gee die meerv. van:—

   Sofa, gelid, piano, rad, rat, gebed, gerug, goed, pad, sloot, prieël, graaf, onderwyseres, diktee, monnik.

   (b) Gee die verkleinwoord van:—

   Woning, gat, lamp, pol, paal, ring, voet, rotting, wa, wandeling.

3. Wat word bedoel deur die **letterlike** en **oordragtelike** betekenis van 'n woord? Gebruik die volgende woorde in sinne—(a) letterlik, (b) oordragtelik:—

   Koel, swaar, lig, groen, blou, hard, soet, suur, bitter, sag, reën.

4. Vul aan gepaste selfstandige nw., en gebruik in sinne:—

| | |
|---|---|
| noodlotige ......... | ingewikkelde ......... |
| geveinsde ......... | aanneemlike ......... |
| terugstotende ......... | vrugtelose ......... |
| aantreklike ......... | inheemse ......... |
| lofwaardige ......... | teoretiese ......... |

5. Verklaar en toon aan in sinne die verskil in betekenis:—

Draagbaar — verdraagbaar, sening — senuwee, ordelik — ordentlik, meen — beteken, eintlik — eindelik.

6. Maak sinne, waarin die verl. deelw. van o.s. werkwoorde (a) swak, (b) sterk, voorkom:—

Slyp, skryf, doen, breek, werp, sterf, buig, ly, uitsoek, bind.

7. Skryf voluit die verl. tyd, die toek. tyd, en die voltooid verl. toek. tyd van:—

het, is, kan, vra, word.

8. Verklaar die o.s. idiome:—

(a) Hy het my hot en haar laat loop.

(b) Die kool is die sous nie werd nie.

(c) Die vere maak die voël.

(d) Hul knyp die kat in die donker.

(e) Die draak steek met iemand.

(f) Die man het te veel hooi op sy vurk.

(g) Ons vriend hang sy mantel na die wind.

(h) Die man het hom om die tuin laat lei.

(i) Waar die hart van vol is loop die mond van oor.

(j) Smeed yster terwyl dit heet is.

9. Gee in 'n brief aan jou ouers 'n beskrywing van 'n ongeluk wat jy bygewoon het.

10. Skryf 'n opstel oor die Hulp en Genot, wat 'n goeie skoolbiblioteek die leerling bied.

---

## No. 17.

1. Verdeel die voornaamwoorde volgens die verskillende soorte, en gee drie voorbeelde van elke soort.

2. (a) Skryf die meerv. van :—

Lit, pad, pont, ploeg, weg, slot, kaas, saag, paragraaf, Kristen, glas, baal, sieraad, drama, provinsie, straf.

(b) Gee die vroulike vorm van :—

Baron, keiser, prinsipaal, knaap, gasheer, eienaar, profeet, eksekuteur, strooijonker, god, sekretaris, kneg, wewenaar.

3. Gebruik die volgende byv. nw. attributief in gepaste sinne :—

Ordentlik, bly, groots, nuttig, verag, nugter, hoër, taai, stoer, rou, noodlottig, gelaai, sober.

4. Vervang die skuinsgedrukte woorde deur 'n enkel woord.

'n Argument, **wat nie kan weerlê word nie.**
'n Voorreg, **wat nie gemis kan word nie.**
Leed, **wat nie langer verduur kan word nie.**
'n Daad, **wat nie teruggeroep kan word nie.**
'n Verlies, **wat diep gevoel word.**
'n Onreg, **wat tot aan die hemel skrei.**
'n Man, **wat geen vrees ken nie.**
'n Poging, **wat lof verdien.**
'n Saak, **waat nie kan wag nie.**
'n Maatreël, **wat niks te wense oorlaat nie.**

5. Maak sinne waarin die verl. deelw. van die volgende werkwoorde sterk voorkom:—

Steel, toesluit, spreek, gekskeer, help, aftrek, intrek, inneem, sluit, bind.

6. Gee vier verskillende maniere van die gebruik van die Onbepaalde wyse sonder **te** of **om te.**

7. Bepaal die teëstellings (van die adjektief):—

'n Droewige tyding, 'n verligte verstand, 'n ingewikkelde vraagstuk, groen vrugte, groen gras, 'n sagte antwoord, sterk drank, vars botter, 'n uitheemse plant, 'n beskaafde man, 'n bouvallige kerk, 'n rooskleurige toekoms, 'n ernstige verhaal, 'n noodlottige voorval, 'n opgewekte gesprek, ledige oomblikke, 'n spaarsame vrou, 'n afgetrokke houding, 'n gierige man, 'n ontwikkelde persoon, 'n goedgeslaagde poging, 'n eentonige les.

8. Parafraseer :—

(,,Die Vlakte" — *Cillers.*)

Ek slaap in die rus van die eeue gesus,
Ongesien, ongehoor,
En dof en loom in my sonnedroom,
Ongewek, ongestoor.
Tot die yl-bloue bande der ver-verre rande
Skuif my breedte uit,
Wydkringend aan d' puur alomwelmend asuur
Wat my swygend omsluit.

9. Skryf 'n brief aan die Registrateur van die Universiteit van Kaapstad, waarin u aansoek doen om ingeskryf te word as student. Vra inligting wat betref losies, ens.

10. Skryf in opstel oor 'n Beroemde Persoon uit ons Geskiedenis.

---

## No. 18.

1. Noem die verskillende soorte selfstandige nw., en gee drie voorbeelde van elk.

2. Bring aan die gepaste leestekens en hoofletters :—

het oom willem miskien gesien wat van die glas geword het ewe onskuldig antwoord ou willem ja meenniks dit was 'n bietjie brandewyn en ek het dit uitgedrink meenniks maak of hy vreeslik geskrik het en steek sy

twee hande in die lug en sê o hemel oom willem hoe kan jy tog so 'n ding doen dis 'n glas gif wat ek aangemaak het om in vlees te spuit om gediertes te vergewe en voeg toe nog verder by as of hy regte verdrietig was nou moet jy gaan sterwe oom willie en as jy nog jou famielie vir die laaste maal wil sien moet jy maar gou maak dat jy by die huis kom.

(Uit ,,Ou dik Willem" — *Engela.*)

3. Vertaal en skryf voluit in Afrikaans:—

L A B D = L T F K, an isos. △, adjacent angles, rt. ∠, an obtuse ∠, an acute ∠, a square, a rectangle, an oblong, 10 guineas, 6 gallons, 3 bushels, 12 ozs., 100 yds., area, decimals, fractions, perimeter, circumference, radius, diameter, diagonal, average, percentage, profit and loss, mensuration.

4. Ontleed in sinne en toon aan die verband:—

(a) Nou dat ons klaar is kan ons huistoe gaan.

(b) Jan is baie langer as Willem.

(c) Die bode het so vinnig gehardloop dat hy ons heeltemal uit asem bereik het.

(d) Hy stel hom aan asof hy iemand belangrik is.

(e) Ons moet altoos sorg dat ons gewete ons nooit verklae nie.

(f) 'n Mens behoort goed te sorg in dae van voorspoed sodat daar iets is waarop 'n mens kan terugval, wanneer jou gesondheid jou nie meer toelaat om deur hardwerk in jou onderhoud te voorsien nie.

(g) Dit is duidelik dat sy vriend in die moeilikheid sal kom, as die saak uitgevind word.

5. Gee die 3de persoon, meerv. van die teenwoordige, toekomende en verlede tyd van: —

Aanneem, mislei, onderwerp, toestaan, mishaag, aanraai, naäap, meedeel, ek skaam my, ondersoek.

6. Skryf vyf idiome wat ontleen word aan die **oog**, vyf wat ontleen word aan die **neus**, en vyf wat ontleen word aan die **oor**.

7. Noem die verskillende soorte hulpwerkwoorde. Gee voorbeelde en toon aan die hulp, wat elke soort bied.

8. Parafraseer:—

Vaarwel dan, land van soveel vlyt!
Die band van langverduurde smart
Is sterk, maar sterker is die sug
Naar vryheid in 'n vrye hart.
O, skoon en heerlik is die gaaf,
Wat God in menseharte lê:
Die sug-om op die groot heelal
'n Plekkie vir homself te hê!
(*Wassenaar:* ,,Afskeid by die Groot Trek.'')

9. Skryf 'n brief aan die stadsraad, waarin jy klae oor die toevoer van water na jou woning.

10. Skryf 'n opstel oor Bome.

---

## No. 19.

1. Vertaal:—

Peninsula, isthmus, strait, gulf, estuary, delta, plateau, altitude, latitude, longitude, equator, meridian, on the same line of latitude, equinox, volcano, tides, seasons.

2. Skryf sinonieme in plaas van die vetgedrukte woorde:—

(a) Die voorstel is **unaniem** deur die **vergadering** aangeneem.
(b) **Doeltreffende maatreëls** moet **gebesig** word om die **verwoestende** invloed van die **euwel paal en perk te stel**.
(c) Die **besielende** woorde van die **redenaar** het ons belangstelling **gaande gemaak**.
(d) As **opponent** moes ek die argument van die inleier **weerlê**.
(e) My vriend **verkeer** in 'n swaarmoedige **gemoedstoestand**.
(f) **Vergun** my u te **felisiteer**.
(g) **Filantropiese** inrigtinge sal **stellig** ondersteun word.

3. Gebruik die volgende woorde in gepaste sinne:—
Gewelddadig, bevorder, onwillekeurig, majestieus, skoorvoetend, ekonomies, baanbreker, verguising, indrukwekkend, verward.

4. Gebruik in sinne om verskil in betekenis aan te toon:—
Kenbaar — kenlik, wetlik — wettig — wetties, eerlik — eervol — eerbaar, draaglik — draagbaar, houterig — houtagtig.

5. Ontleed in sinne en toon aan die verband:—

(a) Was hy 'n welgestelde man, sou hy hom seker bereid verklaar het om ons te help.

(b) Hoe goed hy ook mag wees, ek kan maar nie vertroue in hom stel nie.

(c) Voordat jy vertrek moet ek jou sê wat ek van die saak dink.

(d) Vanwaar hul kom weet ek nie, maar dis tog snaaks dat hul al hul geld vas belê het, nadat hul in die distrik gekom het.

(e) ,,Soos 'n vlokkie skuim uit die sfere se ruim
kom 'n wolkie aangesweef,
maar hy groei in die blou tot 'n stapelbou
van marmer wat krul en leef,
— kolossaal monument op sy swart fondament,
waar die bliksem in brul en beef.''

6. Noem vyf idiome wat ons ontleen aan die **hand** en vyf wat ons ontleen aan die **voet**.

7. Verklaar o.s. idiome:—

(a) Die kroon op iemand se hoof hou.
(b) Vir iemand in die bres tree.
(c) Ter elfder-ure opdaag.
(d) Die hande van iemand aftrek.
(e) Die man het hom gou uit die voete gemaak.
(f) Moenie toelaat dat hul jou dit alles op die mou spelde nie.
(g) 'n Hekel hê aan iemand.
(h) Ou koeie uit die sloot haal.
(i) Sy jas het in die wiel geraak.
(j) Van Pontius na Pilatus stuur.

8. Parafraseer:—

(*Joubert:* ,,Dageraad.'')

Die daagraad kruip die dieptes uit,
Uit stille nag gebore,
En vleg 'n krans van pêrelglans
Om slape van die môre.

Hy sweef op goue vleuels aan
En ry op wolke-some:
Daar 's glimlag op die bergery,
Daar 's blydskap in die strome.

Hy skuif die wolle deken weg
Van bergekruin en hange
En wek, sodoend, 'n weelde-blos
Op bolle rotse-wange.

9. Skryf 'n brief, waarin jy aansoek doén om 'n vakante betrekking, meld bevoegdhede, sertifikate, die name van persone van wie jy getuigskrifte insluit, ervaring, ens.

10. Skryf 'n opstel oor:—De Morgenstond heeft Goud in de Mond.

---

## No. 20.

1. Vertaal in suiwer Afrikaans:—

(a) Please let me have your answer by return post.
(b) Remittance will follow on receipt of goods.
(c) Your favour of the 16th inst. reached me a few days too late for executing the whole order.
(d) Thanking you in anticipation and with kindest regards, I am, your sincerely, ——.
(e) I hereby beg to apply for the vacant post of assistant for Std. V., as advertised in the last „Gazette."
(f) Will you honour us with your presence at our Debating Society to-night?
(g) We must change here for Upington.
(h) Put on your coat and put on your hat.
(i) Don't forget to take off your shoes and stockings before entering the water.
(j) Many happy returns of the day!

2. Gebruik o.g. groepe woorde in gepaste sinne:—

Mettertyd, naar mate, ten gevolge van, trapsgewyse, ter harte neem, ten kwade bedui, ter elfder ure, ter wille van.

3. Vorm samestellinge van die volgende woorde en gebruik hul dan in sinne:—

Hard, klein, swaar, trou, troos, nou, breed, goed, swak, sorg.

4. Gee die trappe van vergelyking van:—

Duur, skaars, skeef, bitter, graag, dwaas, gehoorsaam, baie, vas, wys.

5. Skryf die volgende sinne in die vragend-ontkennende vorm:—

(a) Jan loop na die tuin.
(b) Die leerling het die vraag beantwoord.
(c) Die matroos sal sy skuld betaal.
(d) Die onderwyser moes ons dit gesê het.
(e) Hulle sou ons kom verwelkom het.
(f) Ons wis wat die vraag was.
(g) Willem was daar gewees.

6. Ontleed die skuinsgedrukte woorde:—

**Dit** is **my** hoed. **Die** hoed **is myne**. Al **huppelende** kom hy **oor** die **veld**. Hoe **laat het** jy **jou** werk **klaargekry**. **Ons word daar verwag**. Ek het **drie** bokke **sien** aankom. **Petrus** het **hom vergis**.

7. Maak 'n samegestelde sin, wat sal bevat:—

'n byvoeglike bysin, 'n bywoordelike bysin, en 'n selfstandige bysin.

8. Parafraseer:—

(,,Die Vroeë More" — *Joubert.*)

Die luwe dag klim oor die Oosterkim
en nader met loom-luie skrede.
Sy gluipende glanse omglimmer die kranse
en stoor hulle rustige vrede.
Sy strale deurboor met huig'lende gloor
die bos sy ontwakende lower.
Hy werf op die wei een vals skynsel van sy,
en wil met sy lonke betower.

9. 'n Ryk vriend, wat in jou belangstel, bied jou 'n som geld aan om jou in staat te stel om jou studies aan die Uniwersiteit te gaan voltooi. Skryf nou 'n antwoord op sy brief.

10. Skryf 'n opstel oor die Toekoms van die Draadlose Telefoon.

Hierdie boek word gedruk deur T. Maskew Miller in sy Standerd-Pers, Kaapstad.

# ANDER AFRIKAANSE
# Opvoedkundige Publikasies
## VAN MASKEW MILLER

---

**Maskew Miller se Afrikaanse Leesboekies.** Deur H. J. M. Schepers, B.A., van Philippolis, O.V.S., en F. W. Reitz, Voorsitter van die Afrikaanse Taal-Vereniging, met baie illustrasies.

My Eerste Boek (vir Sub-Std. A.).
My Twede Boek (vir Sub-Std. A.).
My Derde Boek (vir Sub-Std. B.).
My Vierde Boek (vir Sub-Std. B.).
Standerd Een (By die Huis). Verbeterde uitgawe.
Standerd Twee (Op die Werf). ,, ,,
Standerd Drie (Op die Boerdery). ,, ,,
Standerd Vier (Uit en Tuis) . ,, ,,
Standerd Vyf (Op die Dorp).
Standerd Ses (Op Reis).

**Muur-leeskaarte.** Kompleet in twee stelle, n.l., My Eerste Boek, en My Twede Boek in Leeskaartvorm.

**Maskew Miller se Afrikaanse Taaloefeninge.** Deur P. Imker Hoogenhout, B.A., en J. J. A. Schoeman, B.A.

Deel I., vir Standerd I.
Deel II., vir Standerd II.
Deel III., vir Standerd III. Derde druk.
Deel IV., vir Standerd IV.
Deel V., vir Standerd V. Twede druk.
Deel VI., vir Standerd VI.
Deel VII., vir Standerd VII.
Deel VIII., vir Standerd VIII. Twede druk.
Deel IX., vir Standerd IX.
Deel X., vir Standerd X.

**Maskew Miller se Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyse.** Deur P. Imker Hoogenhout, B.A., en J. J. A. Schoeman, B.A.

# A SELECTED LIST OF

*T. MASKEW MILLER'S*

# Educational Works in Afrikaans

---

## MASKEW MILLER SE "NUWE PERFEKSIE"-REKENBOEK.

Vir Suid-Afrikaanse Skole. Deur **A. BLAIR,** B.A. Oorgesit in Afrikaans, deur **H. J. M. SCHEPERS,** B.A., van Philippolis, O.V.S. Standerds I. tot VI.

Standerd VII., in Afrikaans, oorgesit deur **I. W. v.d. MERWE,** M.A.

## MASKEW MILLER SE REKENKUNDE VIR JUNIOR SERTIFIKAAT.

Deur **A. BLAIR,** B.A., Prinsipaal, Middelbare Skool, Kaapstad. (Afrikaanse Vertaling deur **I. W. van der MERWE.**)

## SKETSE UIT DIE GESKIEDENIS.

Deur **P. IMKER HOOGENHOUT,** B.A., en **P. H. v. d. VELDE** Deel I. en Deel II.

"Die Burger" sê: Laat ons die boekies ons kleintjies in die hande gee waar hulle nog nie meer gevorderde werke kan raadpleeg nie. Dit sal hulle seker laat dors naar meer kennis.

## MASKEW MILLER SE NUWE MATRIKULASIE-GESKIEDENIS.

Deur **Eerw. W. H. EVANS.** Oorgesit in Afrikaans deur **B. J. DU TOIT,** B.A., agerende professor in Ekonomie, Uniwersiteit van Stellenbosch.

## MASKEW MILLER SE GESKIEDENIS VIR JUNIOR SERTIFIKAAT.

Deur **PROF. J. EDGAR,** M.A.

Deel A. 'n Geskiedenis van Suid-Afrika vanaf die Europese volkplanting tot op die Unie. Oorgesit in Afrikaans deur **I. W. van der MERWE,** M.A.

Deel C. Moderne Geskiedenis tot 1713. Oorgesit in Afrikaans deur **A. C. SWANEPOEL,** M.A.

# *Ander Suksesvolle Publikasies*
## Van T. MASKEW MILLER

MASKEW MILLER SE

## Afrikaanse Grammatika

*Deur* M. C. BOTHA, M.A.,

Professor in Nederlands en Afrikaans, aan die Uniwersiteit van Kaapstad; en

J. F. BURGER, M.A.,

Lektor in Opvoedkunde aan die Uniwersiteit van Kaapstad.

**TWEDE DRUK.**

---

MASKEW MILLER'S

## GRAMMAR of AFRIKAANS

***For English-speaking Students***

*By* M. C. BOTHA, M.A.,

Professor of Nederlands and Afrikaans, University of Cape Town,

and J. F. BURGER, M.A.,

Lecturer in Education, University of Cape Town

*Second Edition (completing* 20,000).

---

MASKEW MILLER se

## Afrikaanse Styloefeninge

DEUR

Professor M. C. BOTHA, M.A., en J. F. BURGER, M.A.